e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

12 November 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 40

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

In gesprek oor die kerk

In talle lande is kerke besig met indringende gesprek en navorsing oor die kerk. Hierdie gesprek is ook in die Hervormde Kerk aan die gang.

Een rede hoekom daar so baie oor die kerk gepraat word, is die feit dat talle kerke se toekoms as gevolg van dalende lidmaatgetalle onseker is.

Een van die sake wat van uiterste belang is as ons oor die kerk dink en praat, is dat meeste kerke geneig is om te verval in 'n institusionalisme. Dit beteken, baie kortliks, dat die kerk primêr as 'n instelling of organisasie met vaste strukture funksioneer. Institusionalisme lei tot 'n kultuur van instandhouding en die beskerming van vaste en bekende strukture.

Reformatoriese kerke (soos die Hervormde Kerk) vertoon oor die algemeen al die kenmerke van 'n instituut. Dit word sigbaar in die manier hoedat kerke organisatories funksioneer, hantering van verandering, verknogtheid aan strukture en sentrale beheer.

Institusionalisme is een van die belangrikste redes vir stagnasie en agteruitgang, omdat dit lei tot 'n onvermoë om struktureel by nuwe omstandighede aan te pas en verandering te bestuur. Bekende strukture, bestuursbeginsels en funksionering word kritiekloos voortgesit, met 'n gepaardgaande verlies aan effektiwiteit.

Omgekeerd baat kerke by verandering, as dit reg bestuur word. Insig in verandering en hoe om bepaalde strukturele en bestuursaanpassings te implementeer, is uiters belangrik.

Die meeste kerke, in reaksie op die verandering, neig om hulle strukture te versterk. Ou strukture word krampagtig in stand gehou, asof strukture identies met die wese van die kerk is. Sulke kerke kan maklik 'n organigram of vloeidiagram van kerklike beheer en bestuur opstel. Sinodale komitees en kommissies word geskep wat buitengewoon groot verantwoordelikhede, seggenskap en mag in die kerk het.

Amptelike kerkordes word opgestel. Dit word gebou op 'n interpretasie van die Skrif en verkry daarmee 'n onaantasbare gesag, asof dit uit die hemel self kom. Kerklike strukture, sinodale kommissies en die Kerkorde word verstaan as instrumente van beheer en kontrole. Die ironie is dat Reformatoriese kerke bely dat ***Christus self*** die kerk deur sy Woord en Gees regeer. Dit impliseer 'n geestelike regering. Hoewel kerke dit bely, het die proses van institusionalisering Christus se regering laat omslaan in bestuur, beheer en kontrole.

Oormatige sinodale strukture en organisasie, die fokus op finansies, geboue, instandhouding asook oordrewe sentrale beheer, demp die kreatiwiteit en ywer waarmee lidmate die evangelie uitdra. Martin Buber waarsku dat die *sentralisasie en kodifikasie wat in belang van godsdiens onderneem word, lewensgevaarlik vir geloof is.*

Kerklike organisasie neig om Christus te verduister. Die kerk staan op die voorgrond, Christus op die agtergrond. Dit gaan al meer om die instandhouding van 'n organisasie en sy strukture, al minder oor die liggaam van Christus en die koninkryk van God. Juis daarmee wil die mens van die 21ste eeu niks te doen hê nie.

Die uitdaging vir die Hervormde Kerk is om al meer as die lewende liggaam van Christus te funksioneer en al minder as instituut.

Dr Wim Dreyer, Raad vir Apostolaat

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Henk Joubert** van Tzaneen na Welgelegen-Pietersburg
- **Dr Johan Nel** van Bloemfontein na Rustenburg-Suid
- **Ds Attie Hattingh** van Bothaville na Delareyville

Vakante standplase

- **Gemeente Glencoe** beskik oor 'n vakante **deeltydse standplaas.** Die gemeente is saamgestel uit ongeveer 120 belydende lidmate, waarvan die meerderheid in die ouderdomsgroep 35 tot 60 val. Daar is nie baie jong kinders in die gemeente nie, alhoewel daar uitstekende hoër- en laerskole in die dorp en omgewing is. Die gemeentegrense loop wyd na al die kante toe, en sluit heelwat plaaswyke in, in die rigting van Newcastle, Ladysmith en Vryheid. Die verste besoekpunt is ongeveer 40 km vanaf Glencoe. Glencoe het 'n ryk geskiedenis, 'n matige klimaat en besondere natuurskoon. Daar is 'n groot pastorie beskikbaar. Predikante wat daarin belangstel om die gemeente te bearbei, kan **voor 15 November 2009** 'n CV stuur na **komzani@vodamail.co.za** of **Ansie.Fourie@kzndoe.gov.za**, of per gewone pos na Posbus 110, Glencoe 2930. Kontak Johann du Plessis by 082 496 5830, Vossie Fölscher by 083 345 3406, of Ansie Fourie 082 393 8558 vir meer inligting.

- Die **deelsorgstandplaas** van **Gemeente Gobabis** is vakant. Dit is die doelwit van die gemeente om die standplaas binne twee jaar te omskep in 'n volledig versorgde standplaas. Belangstellende predikante met minder as drie jaar in die bediening word genooi om 'n CV in te dien **voor 17 Januarie 2010**. Gobabis is 'n plattelandse gemeenskap in Namibië, 110 km van die Botswana-grenspos. Die gemeente het vier dorpswyke en vier plaaswyke, en besoekpunte is tot 140 km weg van Gobabis.

  Kontak John Venter (skriba) by **jventer@mtcmobile.com.na** of 264 62 568422, of ds Drikus Engelbrecht (konsulent) by **sailor@mweb.com.na** of 264 61 223567 vir meer besonderhede.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Daar is die afgelope week by **ds Sonia van Wyk**, predikant van Wolmaransstad, skildklierkanker gediagnoseer. Sonia is die vrou van dr Daan van Wyk, ook predikant van Wolmaransstad en visevoorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV). Die Kerk se voorbidding word gevra vir die Van Wyk-gesin en hul gemeente.

- **Ds Berend Greyling** van Bethlehem/Reitz se vrou, **Jessie**, is ernstig siek. Sy het die afgelope week 'n groot operasie ondergaan. Ons bid ds en mev Greyling baie sterkte toe.

- Die Kommissie van die AKV het by sy buitengewone vergadering op 5 November **dr Jaco Beyers** van Gemeente Verwoerdburg benoem vir die permanent-voltydse aanstelling in Godsdiens- en Sendingwetenskap by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. **Dr Wim Dreyer**, Sekretaris vir Apostolaat, is benoem vir die deeltydse termynpos in Kerkgeskiedenis. Dié twee predikante word van harte geluk gewens met hul benoemings en sterkte toegebid.

- **Die volgende predikante verjaar van 13 tot 19 November,** en word hartlik geluk gewens:

  - Vrydag 13 November: Ds Innes Benadé
  - Saterdag 14 November: Di Johannes Greyling en Nicolaas Steenekamp
  - Sondag 15 November: Di Hannes Janse van Rensburg, Francois Labuschagne en Pieter Pretorius
  - Maandag 16 November: Ds Casper du Plessis en dr Wian Kloppers
  - Dinsdag 17 November: Dr Wilhelm Coetzer
  - Woensdag 18 November: Ds Chris Viljoen
  - Donderdag 19 November: Prof Johan Buitendag en ds Cornie Pieterse

- Dit is 'n besluit van die AKV dat alle predikante die **Voortgesette Toerustingskursus (VTT)** elke jaar moet bywoon. Die datums waarop die kursus in 2010 aangebied word, is die volgende:
  - Dinsdag 1 tot Woensdag 2 Junie 2010
  - Dinsdag 9 tot Woensdag 10 November 2010

Die tema vir die **2010-kursus** is *Traumaberading.* Die kursus word weer by Gemeente Villieria aangebied, en die koste beloop R300 per persoon.

- Die inligting wat in verlede week se uitgawe verskyn het oor **mev Leoné Papp**, lidmaat van Gemeente Benoryn en vrou van ds Kálmán Papp, was foutief. Sy is nie deur die NHSV benoem as verteenwoordiger van die NHSV Hoofbestuur by die Bybelgenootskap nie, maar as verteenwoordiger van die NHSV in die **Komitee vir Bybelverspreiding** van die Kerk. Die Komitee vir Bybelverspreiding funksioneer onder die Raad vir Apostolaat (sien 2010 *Almanak*).

- Die inligting dat gemeentes Waterval Boven en Dullstroom gaan kombineer, was ook foutief. Dit is die **gemeentes Waterval Boven en Belfast** wat besluit het om te kombineer. Dankie aan Martin Ras, skriba van Gemeente Belfast, wat ons op die fout gewys het.

- Sondag 15 November word **Midstream** 'n selfstandige gemeente. Midstream het binne die gemeentegrense van Gemeente Olifantsfontein ontstaan en vorm deel van 'n nuwe snelgroeiende dorpsontwikkeling bekend as Midrand Estates en Heritage Hill. Die eerste erediens, gelei deur **ds Andorette Greyling**, het op 4 Februarie 2007 in 'n lokaal by 'n teetuin plaasgevind. In Julie 2008 is besluit om 'n eie kerkgebou op te rig, en op 18 Januarie 2009 is die eerste erediens in die nuwe kerkgebou gehou. Sedert Julie 2009 word die gemeente pastoraal deur **dr Paul de Beer** versorg en is daar onder sy bekwame leiding sodanig gevorder dat oorgegaan kon word tot gemeentestigting. Die dag se verrigtinge bestaan uit 'n gemeentevergadering waartydens die nuwe gemeente se eerste kerkraad verkies en bevestig sal word, gevolg deur 'n erediens en Nagmaalviering gelei deur **ds Herman van den Berg** in sy hoedanigheid as voorsitter van die ring van Pretoria-Wes.

- **Gemeente Montana** sal met ingang van Desember beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Aansoeke sluit op **Sondag 22 November**. Onderhoude sal in die daaropvolgende week plaasvind. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753, of ds Danie van der Watt by 082 572 4855. Vergoeding is volgens kwalifikasie.

- Die Direksie van die **Kinderhuise van die Hervormde Kerk** is verantwoordelik vir 'n grensgeval **gestremde dogter van 20 jaar** wat woonagtig is in 'n tehuis vir gestremde persone en beskutte arbeid verrig in 'n soortgelyke werkswinkel op die perseel. Die werkswinkel sluit op 11 Desember 2009 en open weer op 4 Januarie 2010. Gedurende hierdie tyd sal hulle graag die dogter by 'n gesin wil plaas. Sy kan gesprekke voer, en help graag met voorbereiding van voedsel en opruiming. Sy is selfversorgend in die tehuis. Ons is dringend op soek na **twee gesinne** wat haar in hul huise kan inneem vir die tydperke **11 Desember tot 23 Desember 2009**, en **24 Desember 2009 tot 3 Januarie 2010**. Vir meer besonderhede, skakel dr Jan Oberholzer by 082 851 1081 of mev Marié van Niekerk by 012 322 8885.

Verjaardagvierings en spesiale eredienste

- **Gemeente Petrusburg** hou op **Saterdag 14 November** 'n **kuierdag** vir alle oudpredikante en oudlidmate. Op **Sondag 15 November** hou hulle 'n **hoeksteenlegging**. Kontak Leanie van der Merwe by 082 859 7739 vir meer inligting.

- **Gemeente Sionspoort** word op 26 November **10 jaar oud**. Op Sondag 22 November word 'n **spesiale dankdiens** gehou, op **Vrydag 27 en Saterdag 28 November** vind 'n **feesbasaar en Kersmark** plaas, en op **Sondag 29 November** word die feesvieringe afgesluit met 'n **Kerssangdiens** om 19:00 *(Pelgrims op pad na Betlehem: 'n Reisverhaal)* met Richard van der Westhuizen as gaskunstenaar. Navrae kan gerig word aan 082 464 1547.

Konserte en damesbyeenkomste

- **Gemeente Philadelphia** bied op **Donderdag 26 November** 'n **Oujaarskouspel** in die Aula van die Universiteit van Pretoria aan. Bekende kunstenaars soos Jak de Priester, Charl du Plessis, Mauri Mostert, Vivere, Music Affair, Henry van Dyk en Steve van Deventer tree op, en daar sal 'n Elvis-verrassing wees. Kaartjiepryse wissel van R80 tot R160. Kontak Carina Jonker by 072 212 3202 of Sussa van Staden by 082 789 8771.

- Die **Piet Potgieter Monumenttehuis** het wense, soos 'n kamerastelsel vir hul Alzheimerafdeling, die verfraaiing van hul sitkamer waar die inwoners gaste ontvang, en noodsaaklike en dringende restourasiewerk aan hul gebou, maar daar is net nooit voldoende fondse nie. Daarom gaan die **vier Hervormde gemeentes in Polokwane**, in samewerking met die Randburgse Mannekoor en die plaaslike groep Marcato, 'n grootse poging aanwend om dié wense waar te maak. Op **Saterdag 28 November** gaan hulle saamkuier en saamsing vir slegs R80 per persoon. Donasies is ook welkom. Kontak Annatjie Sandrock by 015 295 5464, 072 356 7189 of **annatjiesandrock@gmail.com**.

- Die gemeentes **Benoryn en Zesfontein** nooi alle belangstellendes uit na hul **Kersblyspel**. Die twee gemeentes het kragte saamgesnoer en spog met die talent van die sangers Talita en Jovan. Die viering sal by Gemeente Benoryn plaasvind op **Sondag 29 November** om 19:00. Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317 vir meer inligting.

Kampe en toere

- **Aandag alle matrieks.** Die Hervormde Kerk bied weer ’n **X-matriek-wegbreek** aan, van **7 tot 12 Desember**, by Mount Joy Lodge naby Margate. Die koste is R1 900 per persoon. **Di Thomas Dreyer** (082 552 9394) **en Petri van Rooyen** (083 662 2804) vergesel die groep. Slegs 25 x-matrieks kan geakkommodeer word. Bespreek by Danie van der Merwe by 082 334 6469 of 012 661 8544, per faks by 086 541 0927, of per e-pos by **dtpromotions@telkomsa.net**.

- Alle voornemende (en senior) Maties word uitgenooi om die **Eerstejaarskamp** by te woon, net voor die begin van die universiteitsjaar. Die kamp vind plaas van **Saterdag 9 tot Woensdag 13 Januarie,** en is ’n geleentheid om mede-Hervormers en die kampus te leer ken en vriende te maak. Stuur asseblief jul kontakbesonderhede aan ds Chris le Roux by 082 905 0818 of 021 887 2685, of per e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za**.

- **ALLE** studente wat volgende jaar by enige instansie in Pretoria kom studeer, is welkom om die **Eerstejaarskamp** saam met die studente van **Gemeente Philadelphia** by te woon. Bring 5 vriende saam en **jy kamp verniet.** Dit vind plaas **van 9 tot 14 Januarie 2010** by Kwaggasruskampterrein (net buite Brits, Gauteng). Vir meer inligting, kontak Rina by 072 416 8768.

- Ds Rudy en Terzie Denton van **Gemeente Potchefstroom-Studente** verwelkom by voorbaat al die nuwe eerstejaars! **Van Dinsdag 12 tot Vrydag 15 Januarie 2010** vind hul **Eerstejaarskamp** plaas by Serube Sa Phakwe, 45 km vanaf Potchefstroom. Kontak ds Rudy by 018 294 3509, 082 459 9710 of **rudy@nhk.co.za**, of Terzie by 082 475 4618. Hulle moet teen Dinsdag 5 Januarie ’n aanduiding hê van hoeveel mense gaan kamp. Bespreek dus betyds jou plek, want net 150 inskrywings kan geakkommodeer word.

- Daar is nog plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5129, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Nog ’n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- Die Curriebeker-eindstryd het vir meer as die normale dosis spanning gesorg. Dit is duidelik uit die foto in die volledige *e-Hervormer* dat **ds Jasper van der Westhuizen**, ’n Vrystaat-ondersteuner, die wind van voor gekry het. Hy en die skriba van **Gemeente Hendrina**, Gawie Steyn, het bewys dat vertroue in die onderskeie finaliste nie net lippetaal is nie. Ds Jasper moes daad by die woord voeg en swaar dra aan die glorie en gewig van die uitslag. Die omstanders was getuie van die oorwinningsrondte om die kerkgebou. Ons vertrou dat die gemeente tevrede is dat albei ondersteuners by die oefening gebaat het!

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Piet Potgieter** in Potgietersrus (Mokopane) bied ’n **somerjaggeleentheid** aan, met verblyf vir 6 in Tumuga Hunting se jagkamp. Kaartjies is teen R50 beskikbaar by 082 821 6873 of 015 491 6313. Die wenner word op **14 November** aangewys tydens die gemeente se Kersmark.

- **Gemeente Springs-Oos** bied ’n **feesreeks messe** aan om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**, en om fondse in te samel vir die bou van ’n ouetehuis. Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526 vir meer inligting, pryse en om te bestel. Die gemeente se **feesalbum** is beskikbaar en kan bestel word van die skriba, oudl Retha Laubscher, by **rethalaubscher@gmail.com** of 083 475 1962. Die album kos R180 per eksemplaar (plus posgeld).

- Gemeentes kan groot geld verdien deur aan gemeentes **Hartbeesfontein en Gerdau** se **Wen-’n-boerdery-kompetisie** deel te neem. Die trekking is eers op **8 Mei 2010**. Kontak Jaco Labuschagne by 083 779 7954 of die kolporteur by **kolporteur.nhk@gmail.com** vir meer inligting of bestellings.

- **Gemeente Stellenbosch** beskik oor gerieflike **woonstelle**, toegerus vir 4 persone (en een groot woonstel vir 6 persone) in ’n stil deel van Stellenbosch. Veilige parkering, beddegoed en breekgoed word verskaf. Die koste is slegs R330 per nag (R400 vir die groter woonstel). Daar is ook enkele klein woonstelletjies met slaapplek vir twee, vir slegs R200 per nag, hoewel dit baie klein is. Kontak die gemeente op Dinsdae- en Donderdae-oggende by 021 886 6209, of andersins by 082 905 0818.

Basaars en markte

- **Gemeente Magaliesmoot** hou van **2 tot 5 Desember** 'n **Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

- **Gemeente Bloemhof** hou op **Saterdag 5 Desember Kersmark** met verskeie uitstallers. Kontak Helen Herholdt by 053 433 1222 of 079 377 5008.

- **Gemeente Belfast** hou op **Saterdag 5 Desember** weer 'n **minibasaar** op hul kerkterrein. Kontak Martin Ras by **martinras@telkomsa.net**, 013 253 1221 of 084 583 1333 vir meer inligting.

- **Gemeente Nelspruit** hou op **Saterdag 30 Januarie 2010** die 5de **Maroelafees** op die kerkterrein in Belladonnastraat, Nelspruit. Dit is midde-in die hoogseisoen van die maroela, en al die aktiwiteite vind plaas rondom hierdie besonderse inheemse vrug. Hulle begin reeds om 08:00 en sal tot laat bedrywig wees. Toegang is gratis! Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455.

ANDER NUUS

- Die **Taakspan** het die afgelope week besoek afgelê in Bloemfontein en die Goudvelde.

- **Die Kommissie van die AKV** vergader op 12 en 13 November vir sy laaste gewone vergadering van die jaar. Tydens die vergadering sal die volgende **gesprekke** plaasvind:
  - Met die Raad vir Regsadvies oor Kerkordewysigings.
  - Met lede van die Raad vir Apostolaat oor apostolaat en missionale bediening.
  - Met die Raad vir Gesinsorg oor jeugbediening.
  - Met lede van die direksie van *to care* oor die werksaamhede van *to care*.

  Die Kommissie sal ook aandag gee aan die volgende **sake**:
  - Aansoeke van voormalige predikante om hertoelating tot die evangeliebediening.
  - Aansoeke van predikante om van lewenstaat te verander.
  - Aansoeke van predikante om beroepbaar gestel te word.
  - Aansoek van 'n predikant om voltydse studieverlof.
  - Die verslag van die NHSV oor hul werksaamhede van 1 Maart 2008 tot 28 Februarie 2009.
  - Aansoeke van verskeie gemeentes om uitstel van beroepswerksaamhede.
  - Verslag van ds Arie Kuyper oor die Kerk se betrokkenheid by die Tshwane Raad vir Kerke.
  - 'n Inligtingstuk oor godsdiensregte.
  - Verskeie halfjaarverslae van rade.
  - Werksaamhede van die Raad van Finansies – begrotingsafwykingsverslae, debiteure en die begroting vir 2010.
  - Die werkswinkel oor kerkwees in die toekoms.
  - Die herdenking van die hoeksteenlegging 50 jaar gelede van die Dirk van der Hoffgebou.

- **Beeld-Kinderfonds** hou op **Woensdag 25 November** om 19:30 **Kerskonsert** in die gebou van die NG Kerk Moreletapark. Die kunstenaars tree gratis op as hul bydrae tot die Fonds. Die Hervormde Kerk is 'n lidkerk van Beeld-Kinderfonds. Die program bestaan uit geestelike en Kersmusiek, en die kaartjies is beskikbaar teen R60, R75, R110 en R150. Bespreek by **www.iTicket.co.za** of 0861 000 291.

- **Doulos se Kersfunksie** word vanjaar aangebied op **Saterdag 5 Desember** by die Silwer Valke Rugbyklub in Silverton, Pretoria. Dit gaan in die vorm van 'n **karnaval** wees waar gemeentes, instansies, individue en groepe **potjiekos en rys** voorberei vir nagenoeg 1 000 mense. Laat weet asseblief as u kan help met geskenke vir tieners en bejaardes, of met nagereg. Kontak Heleen Huyser van Doulos Armoedebediening by 082 443 8874 of **huyserh@sapo.co.za**.

- **Kom toer saam met *Konteks*.** Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van dr Hennie van Deventer na die **Natalse Middellande**. Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie). Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.

Belangrike vergaderings

- Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Donderdag 12 November: Kommissie van die AKV
  - Vrydag 13 November: Kommissie van die AKV

- Saterdag 14 November: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV)
- Dinsdag 17 November: Kuratorium
- Donderdag 19 November: Kommissie van die AKV (buitengewone vergadering)
- Vrydag 20 November: Predikante- en Personeelpensioenfonds

ADVERTENSIES

Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, op die volgende **voorwaardes**:

- Dit bestaan uit teks alleen (geen grafika nie), en daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 630 5153. Geen advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag.
- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.
- Die koste is R100 per plasing, vir 'n maksimum van 50 woorde per advertensie.
- Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005

  Verwysing: SENTIK Ads

Daar sal vanjaar **nog drie uitgawes** van die *e-Hervormer* verskyn, op Donderdae 19 en 26 November, en 3 Desember. Die eerste uitgawe van 2010 verskyn op Donderdag 14 Januarie. Adverteer dus nóú daardie vakansiewoonstel!

AGTERBLAD

Cules Boshoff-erepenning

Die Cules Boshoff-erepenning word jaarliks (indien daar 'n student of studente is wat kwalifiseer) aan finalejaar teologiestudente van die Hervormde Kerk toegeken. Die toekenning bestaan uit 'n gegraveerde penning, 'n oorkonde en 'n kontantbedrag van R1 000. Dit word vanjaar aan albei finalejaarstudente, Marius Kramer en Elritia le Roux, toegeken.

Cules Boshoff is in 1978 as die oudste van drie kinders in die destydse Rhodesië gebore. Sy pa, dr Frans Boshoff, was destyds predikant in die Umtali-kombinasie. Hy het grootgeword en skoolgegaan in Ermelo, waar hy hoofseun was van Hoërskool Ermelo.

In 1998 het hy ingeskryf aan die Universiteit van Pretoria. Hy was vir ses jaar 'n inwoner van Huis Maroela. Gedurende 2002 was hy voorsitter van Huis Maroela, en hy was ook lid van die Studenteraad. Die Studenteraad het aan hom erekleure toegeken vir akademie sowel as besondere leierskap.

Cules het die graad MDiv gedurende 2003 met lof behaal. Na die studie aan UP het hy, voordat hy beroepbaar gestel is, ingeskryf aan die Universiteit van Stellenbosch. Hier het hy na twee jaar in 2005 die graad MPhil (Politieke Bestuur) ook met lof verwerf.

Daarna was hy gereed om met sy werk in die Hervormde Kerk te begin. Op Sondag 12 Februarie 2006 is hy deur Gemeente Bronkhorstspruit beroep. Voordat hy op die beroep kon antwoord, is hy op Woensdag 15 Februarie 2006 in 'n vliegtuigongeluk oorlede.

Ter nagedagtenis aan Cules het die Boshoff-familie besluit om die erepenning beskikbaar te stel. Dit word toegeken aan een of meer finalejaarstudente wat op akademiese gebied gedurende die ses jaar van studie uitnemend presteer het (verkieslik 'n student wat sy/haar grade met lof verwerf het), op die breë terrein van die studentelewe hom/haar as leier

onderskei het, en binne Van der Hoff Teologiese Huis, deur betrokkenheid en leierskap, die doelstellings van die Huis op ’n uitnemende wyse bevorder het.

Aan die einde van die akademiese jaar word finalejaarstudente wat vir die toekenning in aanmerking kan kom, deur Van der Hoff Teologiese Huis genomineer vir ’n groslys. Die Dosentevergadering van die Hervormde Kerk nomineer ook kandidate vir die groslys. Tydens ’n gesamentlike vergadering van die bestuur van Van der Hoff en die Dosentevergadering, onder voorsitterskap van die Dosentevergadering, word die nominasies gemotiveer en die kandidate op die groslys geëvalueer. Met ’n tweederdemeerderheid word ’n student wat vir die penning kwalifiseer, aangewys, of indien daar niemand is wat na die oordeel van die vergadering kwalifiseer nie, word besluit om die penning vir die bepaalde jaar nie toe te ken nie.

Die penning word jaarliks tydens die legitimasiegeleentheid aan die kandidaat of kandidate oorhandig.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx